# Lesing 8 - 15 Maart 2022 - Die Laatreëns vir Dogter van Sion Bruid

Openbaring 9 ontvang op 3 Augustus 2018

"MY kneg, EK IS! Hier is EK! Raak rustig in jou hart. Jy is toornig teenoor jou en MY Volk. EK ken jou hart en het jou geken voordat jy jou voet neergeplaas het op hierdie aarde.

EK sluit die monde van die vyande! Hulle woorde en dade val op klippe en lei na niks! EK IS Almagtig! Luister nou na MY! EK gee nou hierdie Opdrag aan jou en MY ander knegte van MY Volk. EK spreek dit in die harte van MY kinders! Hier is dit: **Deuteronomium 28**! EK Wil dat julle hierdie skrywe as Brood deel aan MY Volk en doen dit met Erns en Liefde, doen dit met haas en ywer! Hierdie spreuke van seën en vervloeking moet ernstig oorweeg en ondersoek word deur elkeen van julle. Lees MY Woorde met ERNS! Die Tyd van diepe nag het aangebreek! Net EK ALLEEN kan jou red! Gee oor aan MY, gee alles aan MY! EK IS LIEFDE! Die Tyd wat EK jou gun uit MY Barmhartigheid is min, hoe vol is jou oliekannetjie? Is jou hart vol van MY en MY Woord? Het jy jouself gevoed en het jy voorberei? Is jy besig om MY 'n glasie water en 'n vars broodjie aan te bied? Klee jy MY? Deel jy jou Liefde met MY? Verstaan julle hierdie Woorde van MY?

Deuteronomium 28! Gee die aan MY Volk met die woorde:

"Geseënd is julle wat die Wet en Gebod van Liefde tot VADER en NAASTE doen. Julle weet wie julle is; en oor julle het MY Seën gekom en julle rys bo die draak!

Vervloek is julle wat MY Wet en Gebod van Liefde tot VADER en NAASTE verag en haat! Julle weet wie julle is, want MY Gees openbaar dit aan julle! Oor julle het MY Geregtigheid gekom! Julle het die vervloeking self oor julle gebring en kan dus nie MY blameer!'

Eet hierdie Brood, en besluit self, wil jy MY Brood inneem of uitspoeg. Huis van Juda, voeg jou tot MY Klipwiel as jy MY wil soek en eer. Bring seën oor jou aarde deur om jou hart van klip te bring vir MY, jou VADER! EK soek harte van Liefde."

Deuteronomium 28: (Aangehaal uit die Boek van Herinnering)

*28:1 AS jy dan goed luister na die Stem van JaHWeH jou Elohey om sorgvuldig te hou al Sy Gebooie wat Ek jou vandag beveel, dan sal JaHWeH jou Elohey jou die hoogste stel bo al My nasies van die Aarde.*

*28:2 En al hierdie seëninge sal oor jou kom en jou inhaal as jy luister na die Stem van JaHWeH jou Elohey. [Psalm 37:22]*

*28:3 Geseënd sal jy wees in die stad, en geseënd sal jy wees in die veld.*

*28:4 Geseënd sal wees die vrug van jou liggaam en die vrugte van jou Adamah [adamiet se Aarde] en die vrug van jou vee, die aanteel van jou beeste en die aanteel van jou kleinvee.*

*28:5 Geseënd sal wees jou mandjie en jou bakskottel.*

*28:6 Geseënd sal jy wees by jou ingang, en geseënd sal jy wees by jou uitgang.*

*28:7 JaHWeH sal maak dat jou vyande wat teen jou opstaan, voor jou verslaan word; op een pad sal hulle teen jou uittrek en op sewe paaie voor jou uit vlug.*

*28:8 JaHWeH sal die seën oor jou gebied in jou skure en in alles waar jy jou hand aan slaan; en Hy sal jou seën in die Aarde wat JaHWeH jou Elohey jou sal gee.*

*28:9 JaHWeH sal jou vir Hom as 'n apartgestelde volk bevestig soos Hy jou dit gesweer het, as jy die Gebooie van JaHWeH jou Elohey hou en in Sy Weë wandel.*

*28:10 En al My volke van die Aarde sal sien dat die Naam van JaHWeH oor jou uitgeroep is, en hulle sal vir jou vrees.*

*28:11 En JaHWeH sal suiwerheid aan jou oorvloedig gee in die vrug van jou liggaam en in die vrug van jou vee en in die vrugte van jou Adamah[adamiet se Aarde], op die Adamah[adamiet se Aarde] wat JaHWeH aan jou vaders met 'n eed beloof het om aan jou te gee.*

*28:12 JaHWeH sal Sy suiwer skatkamer, die Hemele, vir jou oopmaak om die reën van jou Aarde op die regte tyd te gee en om al die werk van jou hand te seën; en jy sal aan baie nasies uitleen, maar self nie hoef te leen nie.*

*28:13 **En JaHWeH sal jou die kop en nie die stert maak nie,** en jy sal net boontoe en nie ondertoe gaan nie as jy luister na die Gebooie van JaHWeH jou Elohey wat Ek jou vandag beveel om te hou en te doen,*

*28:14 en jy nie regs of links afwyk van al die Woorde wat ek julle vandag beveel, om agter gode van andere aan te loop om hulle te dien nie.*